NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Saakgelastigde: **Ds AH Minnaar** **PBO: 9300 13251**

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

021 957 7104
bossie@kaapkerk.co.za
www.kaapkerkadmin.co.za

25 Februarie 2021

OMSENDBRIEF AAN PREDIKANTE EN SKRIBAS
VOERTUIG- EN VERVOERTOELAE – 2022 SE TABEL

Die Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB) het aanbeveel dat kerkvergaderings vanaf 1 Maart 2018 die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar gebruik. Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie van die Wes-Kaap (STFA) steun hierdie voorstel en beveel dus aan dat gemeentes in die 2022 finansiële jaar die 2022 tabel gebruik (2022 = 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022).

Die tabel vir 2022 (1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022) is op 24 Februarie 2020 bekend gemaak. Daar is GEEN verhoging of ’n verandering in die tabel nie. Die voertuig- en vervoertoelae bly dus onveranderd.

	2020 (01/03/2019-29/02/2020)	**2021 (01/03/2020-28/02/2021)**	**2022 (01/03/2021-28/02/2022)**
Waarde van voertuig tussen	170 001 en 255 000	190 001 en 285 000	190 001 en 285 000
Brandstofkoste (in sent)	116,0	128,3 sent	128,3 sent
Onderhoudskoste (in sent)	47,5	51,6 sent	51,6 sent
Loopkoste per kilometer (in sent)	**163,50**	**179,9 sent**	**179,9 sent**
Loopkoste op **18 000 km** (in Rand)	29 430	R32 382	R32 382
Jaarlikse vaste koste betaalbaar	72 983	R80 539	R80 539
Motortoelaag op 18 000 km	102 413	R112 921	R112 921
Motortoelaag per maand	8 535	**R9 410**	**R9 410**

Onderstaande tabel wys die berekeninge vir groter en kleiner geagte kilometerafstande.

Aantal kilometer	**Vaste koste**	**R1,799 / km**	**Totaal**	**Maandeliks**
20 000 km	R80 539	R35 980	R116 519	R9 710
18 000 km	**R80 539**	**R32 382**	**R112 921**	**R9 410**
16 000 km	R80 539	R28 784	R109 323	R9 110
14 000 km	R80 539	R25 186	R105 725	R8 810
12 000 km	R80 539	R21 588	R102 127	R8 511

Vergoeding vir reiskoste na amptelike rings- en sinodale vergaderings (vir ontvangers van ’n vervoertoelaag) bly **R2,50 per kilometer**, aangesien dit steeds beduidend meer is as die SAID se berekening van R1,80 per kilometer. Reiskoste vir lede wat nie ’n vervoertoelaag ontvang nie, bly steeds **R3,00 per kilometer**.